Tel: (012) 719 9062
E-pos: sales@radium.co.za
Webwerf: www.radium.co.za

Julie 2011

Radium staatmaker kry nuwe baadjie

Na 10 jaar diens

Pieter van der Westhuizen boer in die omgewing van Parys in die Vrystaat, in die hartjie van Suid-Afrika. Die provinsie word begrens deur die Vaalrivier in die noorde en die Oranjerivier in die suide, en bestaan uit deinende grasvlaktes en landerye, wat uitstrek tot by die lieflike sandsteenberge in die noordooste.

Die provinsie is die graanskuur van Suid-Afrika, en landbou is die kern van sy ekonomie. Daar is 32 000 vierkante kilometer bewerkte grond, en nog sowat 87 000 vierkante kilometer natuurlike veld en weiveld.

Van der Westhuizen het in 2001 ’n Prospread-strooier van Radium aangeskaf en reken hy het oor die jare sowat 15 000 ton verskillende soorte misstof en ander materiaal daarmee versprei. Soos wat sy gesaaides uitgebrei het, het die masjien se werklading ook toegeneem. Oor die afgelope vier jaar het die strooier sowat 600 ha per jaar bewerk en omtrent 2 400 ton materiaal jaarliks gestrooi.

Tydens lopende instandhouding van die strooier is die agterste strooiers vervang, en ’n nuwe ketting en ratte aangesit. Van der Westhuizen skat dat al hierdie herstelwerk nie meer as R20 000 in totaal gekos het nie. Die stewige bakkonstruksie van sagte staal het verbasend min duike en skrape gewys na tien jaar se harde werk in die harde grond van Afrika.

Radium se moderne Prospread met die nuutste tegnologie kos tans R231 000. Pleks daarvan dat hy sy getroue ou werkesel op pensioen sit, het Van der Westhuizen sy strooier na Radium gebring en heeltemal laat opknap. Namate sy boerderymetodes meer gesofistikeerd geword het, moes die strooier ook aangepas word. Hy het Radium onder andere gevra om die strooier se verouderde grondverwante konstruksie vir groter presisie met hidrouliese aandrywing te vervang.

Die totale koste van die opknapping en omskakeling was minder as R60 000, en het ’n beproefde werkesel omvorm tot ’n spoggerige volbloedmasjien, vir baie minder as die prys van ’n splinternuwe Prospread. ’n Belegging in ’n Radium-masjien is altyd ’n wenresep vir ’n boer met sy oog op die toekoms.